Republikein

21.07.2011

IWAN gee vir oudstes

Die Internasionale Vrouevereniging van Namibië (IWAN) het 25 nuwe matrasse van N$18 000 aan die Annelie Olivier-ouetehuis op Rehoboth geskenk. Die ouetehuis is ongeveer 39 jaar gelede deur me. Annelie Olivier geopen en sorg vir meer as 25 bejaardes. Me. Paula Dentlinger bestuur die ouetehuis reeds die afgelope 11 jaar op 'n vrywillige grondslag. Verteenwoordigers van IWAN verskyn hier saam met personeel en bejaardes van die tehuis. Vir meer inligting oor IWAN, besoek www.iwan.com.na